KAAP AGRI

Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
(Registrasienommer: 2007/015880/06)
Kaap Agri Beperk
("Kaap Agri" of "die Maatskappy")

RESULTATE VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN KAAP AGRI-AANDEELHOUERS

Aandeelhouers word verwys na die aankondigings in verband met die ontbondeling van Kaap Agri Bedryf Beperk aan Aandeelhouers, wat 'n Reëlingskema ingevolge artikel 114(1) van die Maatskappywet, 2008 ("Skema") insluit, die veranderinge van Kaap Agri se naam na Agri Voedsel Beperk en na die konsolidasie van die aandelekapitaal van Kaap Agri sodat die getal aandele in Kaap Agri ooreenstem met die getal aandele wat Kaap Agri in Pioneer Voedsel Beperk besit, wat in die pers verskyn het op 16 September 2011 en 24 Oktober 2011.

Aandeelhouers word hiermee ingelig dat alle besluite wat voorgelê is by die Algemene Vergadering van Kaap Agri wat vandag, 22 November 2011 gehou is, deur die vereiste meerderheid van aandeelhouers wat persoonlik of by wyse van volmag by die Algemene Vergadering teenwoordig was en gestem het, goedgekeur is.

Aandeelhouers moet kennis neem dat die implementering van die Skema steeds onderhewig is aan die nakoming van sekere opskortende voorwaardes, teen nie later as 31 Januarie 2012, soos in die Omsendbrief aan aandeelhouers, gedateer 24 Oktober 2011, uiteengesit is.

Malmesbury
23 November 2011

Korporatiewe Adviseur

PSG CAPITAL

Regsadviseur

DLA CLIFFE DEKKER HOFMEYR

Onafhanklike Deskundige

JF Basson GR(SA)

Onafhanklike Verslagdoenende Rekenmeesters

pwc

Belastingadviseur

WERKSMANS
INCORPORATING
JAN S. DE VILLIERS